

**Titel:** Man en Vrou Het Hy Hulle Geskape  
**Spreker:** Corinne Sandenbergh  
**Datum:** 4 October 2009  
**Tyd:** 09:00



### **Genesis 1:27**

<sup>7</sup>En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.

### **Genesis 2:18**

<sup>18</sup>Ook het die HERE God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas.

### **Genesis 2:7**

<sup>7</sup>En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword.

### **Genesis 2:25**

<sup>25</sup>En hulle was altwee naak, die mens en sy vrou, maar hulle het hul nie geskaam nie.

### **1 Korintiërs 15:45**

<sup>45</sup>So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees.

### **Efesiërs 5:25**


<sup>25</sup>Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het

### **1 Petrus 3:1-7**

<sup>1</sup>Net so moet julle, vroue, aan jul eie mans onderdanig wees, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word <sup>2</sup>as hulle jul reine, godvresende wandel aanskou het. <sup>3</sup>Julle versiering moet nie uiterlik wees nie: haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie, <sup>4</sup>maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor God. <sup>5</sup>Want so het vroeër ook die heilige vroue wat op God gehoop het, hulleself versier, en hulle was aan hul eie mans onderdanig, <sup>6</sup>soos Sara gehoorsaam was aan Abraham en hom heer genoem het; wie se kinders julle geword het as julle goed doen en geen enkele verskrikking vrees nie. <sup>7</sup>Net so moet julle, manne, verstandig met hulle saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is-sodat julle gebede nie verhinder mag word nie.

### **Openbaring 3:20**

<sup>20</sup>Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.



**1: Vergewe**  
**Matteus 12**

**2: Vergeet**  
**Lukas 6:37**

<sup>37</sup>En julle moet nie oordeel nie, dan sal julle nooit geoordeel word nie. Julle moet nie veroordeel nie, dan sal julle nooit veroordeel word nie. Spreek vry, en julle sal vrygespreek word.

**3: Seën**  
**Lukas 6:28**

<sup>28</sup>Seën die wat vir julle vervloek, en bid vir die wat julle beledig

**4: Versoen**  
**2 Korintiërs 5:18-20**

<sup>18</sup>En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het, <sup>19</sup>naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou.

**1 Johannes 1:9**

<sup>9</sup>As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

**Jakobus 5:17**

<sup>17</sup>Elía was 'n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie;